
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, November 02, 2018
Page: 47

LBW | RUBRIEK **GELDBEPLANNING** | NICO VAN GIJSEN



# Keer só diefstal van jou identiteit

**Dink mooi voor jy persoonlike besonderhede op sosiale media uitblaker en moenie dokumente met byvoorbeeld jou bankbesonderhede laat rondlê nie. Dit kan jou duur te staan kom as 'n skelm hierdie inligting misbruik.**

Vandeesweek kyk ons na 'n ander vorm van geldbeplanning – die beskerming van jou geld teen bedrieërs. Ek doen dit aan die hand van 'n aanbieding deur Steven Powell, direkteur: forensies, van die regsfirma ENS Africa, op vanjaar se konferensie van die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (FISA).

Daar is seker nie een van ons wat nie die gevaar loop om die een of ander tyd 'n slagoffer van identiteitsdiefstal te word nie. Die meeste van ons ken ook sekerlik minstens een mens wat al onder 'n bedrieër deurgeloop het. Dit is 'n werklikheid van die hedendaagse lewe wat ons nie kan ignoreer nie.

Identiteitsdiefstal beteken kortweg die onwettige gebruik van 'n ander se identiteit, gewoonlik om 'n finansiële voordeel te bekom. As jy dink dit is moeilik vir iemand om hom- of haarself as jou voor te doen, skrik wakker. Jou identiteitsdokument, huweliksertifikaat, bankstaat, munisipale rekening en enige ander dokument met jou besonderhede op dien as bronne vir identiteitsdiewe.

Dan is daar ook plekke waar jou besonderhede op rekord is en gemaklik deur booswigte verkry kan word, soos die Aktekantoor, die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (CIPC) as jy 'n belang in 'n maatskappy het, en die Nasionale Verkeersinligtingstelsel (Natis) wat rekord hou van jou voertuigregistrasies en dus ook belangrike persoonlike inligting het wat bekombaar is vir iemand wat wil voorgee hy is jy.

Volgens Powell word die inligting gebruik om vals dokumente in jou naam te skep. Dit word dan gebruik om transaksies op jou bankrekeninge aan te gaan en om kredietkaarte te bekom, vals eise in te dien by jou mediese fonds en versekeraars, en om geld uit jou beleggings te onttrek.

Dit word ook gebruik om maatskappye by die CIPC te registreer en om nuwe bankrekeninge oop te maak. Fakture word onderskep en gewysig deur die booswig se bankbesonderhede in te vul. Net die nuwe bankbesonderhede word bygevoeg, die res lyk presies dieselfde.

## VREEMDE VERSOEKE

Powell raai mense aan om dit so moeilik moontlik te maak vir booswigte deur nie toe laat dat jou persoonlike besonderhede maklik in die hande gekry kan word nie. Moenie dokumente sommer net in die asblik gooi nie – dit is 'n goeie bron vir bedrieërs wat jou inligting wil bekom. Vernietig dokumente as dit nie meer nodig is nie.

Kyk oor jou skouer by kitsbanke en moenie toelaat dat iemand jou kredietkaart onder jou oë uitneem nie. Dit duur net 'n sekonde of wat om die inligting op jou kredietkaart te kopieer. Terwyl jy daarvan salig onbewus is, word jou geld uitgegee.

Maak seker jou pinnommers en ID-wagwoorde is sterk genoeg sodat dit nie uitgesnuffel kan word nie. Jou geboortedatum is byvoorbeeld nie 'n goeie wagwoord nie.

Moet nooit reageer op enige versoek via e-pos om jou bankbesonderhede bekend te maak of te bevestig nie. Ekself het al "versoeke" van Jan Taks gekry, en dit lyk nogal eg, op soek na my bankbesonderhede vir 'n belasting-terugbetaling. Om nie eens te praat van die sogenaamde boerpotpryse wat ek al gewen het nie! Ignoreer dit.

Wees ook versigtig oor watter soort inligting jy op sosiale media bekend maak, want boosdoeners gebruik baie bronne. Elke bron gee daardie rapsie meer inligting wat nodig is om 'n ander weergawe van jou te skep. Inligting soos die name van kinders, geboortedatums en vele ander brokkies inligting is die voedingsbron vir identiteitsdiefstal.

As jy meen jy is veilig en kan jou werknemers vertrou, dink weer. Statistieke wys meer as 80% van bedrog word deur interne werknemers gepleeg (die meeste het meer as vyf jaar diens). Jou tipiese interne bedrieër is ouer as 30 jaar, het 'n bestendige gesinslewe, 'n bogemiddelde opvoeding en is 'n eerste oortreder. Die bedrieër is gewoonlik die laaste mens van wie jy dit sou verwag. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en bestuurende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**, tel. **021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.